Verbond en sy teken (Besnyding)

G. J. Du Preez 072 1876 076

Verbonde en Wette wat voor en na Moses ontvang was.

Die **eerste** Verbond met sy insettinge ken ons nie, (*slegs spekulasies*) maar dat dit bestaan het is voor die handliggend, hoekom ? Adam en Eva het dit verbreek en is daardeur uit die Tuin van Eden verban (seks o.a.). Daardie eerste Verbond is verbreed deur VADER sodat Sy skepping nie tot niet sou gaan nie. Waar ons dit sien in die Skrif is toe Kain en Abel elk 'n offer aan VADER gemaak het in Gen.4:3,4 (*Hoekom sou die seuns dit gedoen het?).*

Die **tweede** Verbond staan in Gen.6.18waar VADER aan Noag 'en die aarde' beloof het dat geen vloed weer die lewe op aarde sal verwoes nie. Vanaf die tweede Verbond kan ons sien dat VADER 'n teken ingestel het nl.: Reënboog.

Die **derde** Verbond in Gen.15:17 waar 'n Rokende oond "VADER" en 'n vurige fakkel "VADER seun YAH" 'n verbond sluit oor Abram en sy nageslag.

Die **vierde** Verbond staan in Gen.15:18 waar VADER aan Abram beloof het.

a) Erf besitting van 'n landstreek Gen.17:8
b) Vermeerdering van sy nageslag Gen.17:2
c) Dat VADER sy Hemelse Heerser sal wees en hulle Sy eiendoms volk sal wees. Gen.17:7

Die voltrekking van die vierde Verbond het ook sy teken ontvang nl:. besnyding.

Die **vyfde** Verbond het Moses op berg Sinai ontvang, maar so het hy ook die Wette en Verordeninge ontvang (*Onthou dat die volk op daardie stadium geen kennis meer gehad het teenoor die Abram-mitiese verbond of enige Wette en Verordeninge wat deur VADER daar gestel was nie).* Alles wat Moses by YAH ontvang het was tot behoud van Sy skepping en waarvan hulle dit moes onderhou en handhaaf. Soos die boonste verbonde verbreed het, het die verbond wat Moses ontvang het ook verbreed. Moses het die 10 Gebooie (*Verbond / Wet*) ontvang en daaruit het die Wette, Verordeninge en Insettinge gekom. Hoekom? Beskerming van Sy skepping en eiendoms volk.

Die 10 Gebooie was die eerste verbond wat Moses ontvang het (*Ex.20:3-17 Wet van YAH*) op die berg Sinai nl.:

1) Jy mag geen ander gode voor My aangesig hê nie
2) Jy mag geen gesnede beeld of enige gelykenis van eerste gebod maak nie
3) Jy mag die Naam van VADER, "YAH" jou Skepper nie ydellik gebruik nie
4) Gedenk die Sabbat dag, dat jy dit afsonder
5) Eer jou vader en jou moeder (En*VADER in die hemel / moeder die volk*)
6) Jy mag nie doodslaan nie (*gees en vleeslik*)
7) Jy mag nie verbaster nie (*gees en vleeslike vermenging*)
8) Jy mag nie steel nie
9) Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie (*skinder*)
10) Jy mag nie begeer nie

Die teken van die verbond is die twee kliptafels en die Ark natuurlik.
Bo en behalwe die 10 Gebooie (*Verbond / Wette*) het Moses ook opdragte ontvang dat YAH met die volk wil "trou". Daarom het hy die huwelik-wette (Verbond) ook ontvang wat die volk moet onderhou as "bruid" (Ex.19:5). Die huwelik verbond is dus die **Sesde** verbond *(Meer oor die Verbond onder).*

Die **sewende** Verbond staan in Ex.34:10 waar YAH wonder en tekens sal gee tot verskrikking teenoor ander volke.
Die **agste** en laaste verbond wat staan in Jes.42:6 en 49:8 waar VADER SY Seun YAH gee as 'n Verbond.

Ek glo daar sal nog verbonde wees soos die sout Verbond ens. maar om die traktaat kort te hou behandel ek slegs die van bo. Kom ons kyk wat behels al die boonste Verbonde; Wette, Verordeninge en Insettinge.

Verbond en sy teken *(Besnydenis)?*

'n Verbond is 'n plegtige eed wat deur twee of meer partye gesluit word hetsy tussen hulle of oor 'n volgende party wat nie teenwoordig is nie. 'n Verbond bly altyd staande terwyl die verbond stigters lewe. Sodra dood intree by een van die stigters dan is die verbond tot niet. (*L.W. 'n verbond kan latent word weens sy stigters dit stop, breek of doodgaan, maar kan weer hervat word in wet en orde met nuwe stigters*). 'n Verbond is 'n verseëling van 'n ooreen-koms. Dit bevat wette, insettinge en verordeninge waarvan die naam 'verbond' gesien moet word as die handtekening op 'n ooreenkoms/kontrak; M.a.w. die Verbond het 'n inhoud en dit is waaroor die kontrak gaan.

YAH sê in *Hos. 6:6 ... Ek het 'n behae in liefde en nie in offerande nie, en in kennis van VADER meer as in brandoffers*. Daarom moet ons streef na kennis *(eksegese)*. Wat ons uit die Skrif moet haal is insig oor bediening van Wet, Verordeninge en Verbonde. Verbonde het in die vroegste tye al op aarde begin tussen YAH en die mens. In Hos. 6:7 lees ons dat Adam 'n verbond oortree het. Gewoonlik is 'n teken aan die verbond gekoppel om die partye daaraan te herinner. Soos jy mag nie van die boom van die kennis van goed en kwaad eet nie, of dat daar aan die hemel 'n Boog sal wees. YAH sê vir Noag in Gen. 6:18.... *met jou sal Ek My verbond oprig*; Gen. 9:11...*dat alle vlees nie meer deur die waters van die vloed uitgeroei sal word nie* en dat daar geen vloed meer sal wees om die aarde te verwoes nie. So ontvang Noag die verbond en net daarna die teken tot herinnering van die verbond. Gen. 9:12 En YAH het gesê: *Dit is die teken van die verbond .... Gen. 9:13 My boog gee Ek in die wolke; dit sal 'n teken wees van die verbond tussen My en die aarde. Gen. 9:17..... tussen My en alle vlees wat op die aarde is*. So nou weet ons daar is verbonde en hulle tekens om die verbond te bekragtig. 'n Soortgelyke verbond het YAH gemaak met Abraham.

Kom ons doen eksegese tot kennis oor die verbond met Abram.

YAH sê aan Abraham: Gen. 12:1…. *Gaan jy uit jou land en uit jou familie….* Hy sê: *Gen. 17:7 En Ek sal My verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n Heerser te wees en vir jou nageslag ná jou…. Gen. 17:6 En Ek sal jou buitengewoon vrugbaar maak: Ek sal jou tot nasies maak, en konings sal uit jou voortkom.* YAH het vir Abraham gaan haal om hom "af te sonder" en om met hom 'n Verbond op te rig (*Abraham verstaan klaar wat die Verbond gaan wees en verstaan ook dat dit nog net bekragtig moet word*). YAH sê toe vir Abram hoe om die voorbereidings te doen vir die plegtigheid. Abraham doen so in Gen. 15:10 waar dit staan om die diere in die helfte te deel. Tot bevestiging van daardie Verbond het VADER ingetree. Daar het 'n rokende oond (*VADER*) en 'n vurige fakkel (*SEUN*) tussen dié stukke vleis heen gegaan. Wat nou interessant is, is dat Abram nie betrokke was met die Verbond plegtigheid nie, want hy het gelê en slaap. Eers na die plegtigheid het YAH met Abram gespreek en met hom die Verbond bespreek nl.: Dat YAH altyd 'n skild (*Beskerm*) vir hom en sy nageslag sal wees, dat HY Abraham 'n ontelbare nageslag gaan gee en dat YAH 'n gebied aan hulle sal gee. M.a.w. YAH het met VADER 'n Verbond aangegaan oor Abram en sy nageslag (Gen.15; *Abram kon in elk geval nie teenwoordig wees nie, want geen mens kan voor VADER verskyn en bly lewe nie, behalwe die SEUN*).

In Gen.17 kom YAH na Abraham en sluit [bevestig] 'n Verbond met hom. Die vorige Verbond was met VADER oor Abraham, maar hierdie keer sluit YAH direk met Abraham 'n Verbond (*Deut. 1:8; 10:15; 11:24; Jos. 1:4.* Gen. 17:2,4,7,19; *Hand. 7:17*; *Jes. 59:20,21; Eseg. 16:62; Hand. 3:25;).* Die beloofde Verbond aan Abram is bekragtig, waarvan YAH 'n Verbondsteken (*besnyding*) ingestel het om die verbond tussen hulle te herinner *('n Teken soos die boom of die reënboog. Abram se naam verander en so ook Sarai sy vrou se naam).*

YAH sê in Gen. 17:10 *Dit is My verbond wat julle moet hou tussen My en julle en jou nageslag ná jou: Al wat manlik onder julle is, moet besny word Gen. 17:11 julle moet aan die vlees van julle voorhuid besny word, en dit sal 'n teken wees van die verbond tussen My en julle.*

Tot bevestiging van die direkte Verbond aan Abraham moet hulle hul besny. Dieselfde Verbond is twee maal herhaal en het dus twee betekenisse. Die eerste was aan VADER en die tweede was aan Abram. Beide die Verbonde (*tog dieselfde*) was YAH teenwoordig, maar beide die gevalle was dit met verskillende wesens. Aan VADER stel YAH wat HY graag wil doen aan Abram, en daarna stel YAH aan Abram 'n verbond op met 'n teken tot bevestig (*Besnyding is bloed wat vloei en deur bloed "waar die siel in woon" kom versoening en bevestiging van ooreenkomste Lev.17:11*).

Kom ons gaan eers ‘n bietjie oor na Moses waar ‘n “Huwelik – Verbond” aangegaan was tussen YAH en die volk.

Moses ontvang uit ons Skepper se hand die kliptafels met die 10 Gebooie daarop *(teken / Wet)*. YAH sê toe vir hom in *Ex 19:5 As julle dan nou terdeë na My stem luister en My Verbond hou, sal julle MY eiendom uit al die volke wees, want die hele aarde is Myne*. Moses ontvang dié Gebooie en later die Wet en Verordeninge (*Hy gee nie die opdrag dat hulle moet besny moet word nie*). Met die ontvangs van die boek van die verbond in het hy dit voor die ore van die volk gelees Ex 24:7. Die volk beaam dat hulle alles wat YAH gespreek het, sal doen en daarna luister. In Ex 24:8…*neem Moses die bloed en gooi dit uit op die volk en sê: Dit is die bloed van die Verbond wat YAH met julle gesluit het op grond van al hierdie woorde Ex. 12:13*. So is die volk gereinig deur die bloed van diere wat later vervul is met YAHUSHA se Bloed. *(1 Pet. 3:18 Want dié Gesalfde het ook eenmaal vir die oortredinge gely, Hy die Regverdige vir die onregverdiges, om ons tot VADER te bring — Hy wat wel gedood is na die vlees, maar lewend gemaak deur die Gees;)*.
Die verbond teken bly staan tot herinnering en bevestiging. Toe die volk nie meer YAH as KONING oor hulle wou hê nie, was die Huwelik-verbond in gedrang. Soos ons lees in die Skrif weens die volk se hoerery het YAH hulle ‘n skeibrief gegee Jes.50:1. As geskeide vrou was daar nie meer ‘n Huwelik-verbond tussen YAH en Abraham se nageslag (*Yashar’EL*) nie. Tog het YAH Hom oor die volk ontferm weens die verbond belofte aan Abram. Kort-kort het YAH ingetree om die volk uit situasie van uitwissing te red. Gewoonlik met verbondverbreking tree skeiding in en daarbenewens is die teken van ‘n Verbond ook relevant. Deur die gebeure was die derde en vierde verbond wat met Abram gestig was nou ook in gedrang. Met die Huwelik - verbond was dit ‘n ophoping van wetsoortredinge waar YAH dit duidelik gestel nl.: “Indien julle nie doen wat EK verlang van julle nie sal straf intree.” Daarom het YAH as SHA [*LOSSER*] gekom in daardie bloedlyn om dit weg te neem sodat dit nie meer kan ophoop nie. VADER het later soos ons lees besluit dat HY SY Seun ‘YAH’ na die aarde sal stuur sodat HY na daardie uitverkore bloedlyn moet gaan sodat Lossing vir die Abraham nageslag moontlik kan wees (*Saad lyn {Bloedlyn} van Abraham Hand.3:25*).

Aan die anderkant was die Abram verbond herhaal en bevestig aan Isak en Jakob. Dus was die Abram verbond nie tot niet verklaar nie, want die verbond-stigters het nog geleef. Die verbond is ook bevestiging aan David, Salomo en die profete. Onthou die woorde aan Moses in Ex.32:10 “*Laat MY toe om hulle te verteer*” Hoekom? Want daar het hulle alreeds die Huwelik-verbond verbreek (*So ook die Abram-verbond*). Die Abram verbond met sy teken het wel staande gebly tot en met die foltering van YAHUSHA , maar met die verskil dat daar nou twee weë is wat baie wandel. Eers daar gelaat.

Telkemaal is die volk gestraf dat terugkeer moontlik kan wees, maar met min gehoorsaamheid. Ons ken die gevolge en die verstrooiing wat gevolg het. Wat die derde verbond aanbetref(*Waar YAH met VADER 'n Verbond aangegaan het)* het soos die Huwelik tot-niet gegaan. Hoekom?

Toe die Verbond Stigter (YAH) kom sterf het aan die folterpaal kon daar nie meer 'n Verbond bestaan nie. Met die foltering het YAH se verbond met VADER (*Abraham nageslag*) gestop. Daarom YAHUSHA se gebed oor Abraham se nageslag *Joh.17*. Met beide die verbonde wat tot niet by die folterpaal was is die uitverkore (*Abraham*) kinders van VADER, "Koning" loos. Met verblyding kan ek noem dat YAH-U-SHA (*Losser*) 'n hernude verbond kom bekendstel (*Laaste Pasga*) het soos HY dit aan Abraham gedoen het.

YAHUSHA het VADER se opdrag kom uitvoer om die Abram verbond tot-niet te kom verklaar aan die folterpaal, en so ook om ons los te kom koop van wets-oortredings. Hetsy die Huwelik of Abram wette wat (*Nie die Gebooie nie*) die Skrifgeleerdes willekeurig die *Yashar'EL* aangekla het. Na die foltering kan Ha satan en sy werkers ons nie meer oor die Wette aankla wat nie meer bestaan nie (*Menslike of vleeslike verordeninge*). YAHUSHA het die Nuwe tog die Ou Verbond aan ons bekend kom stel. Matt.26:28. So was daar ander take wat Hy ook moes doen o.a. om Ha satan te openbaar.

Kom ons gaan weer net terug voor die verbond-vervulling. Die volk word verdeel na Salomo. Tien stamme gaan tussen die heidene en twee bly oor. Die belofte aan Juda en Dawid word bewaar deur die geboorte van dié Gesalfde. *Maleagi sê in 3:1…<u>YAH na wie julle soek</u>, naamlik die Engel van die verbond, na wie julle 'n begeerte het. <u>Kyk, Hy kom</u>, sê VADER van die leërskare.* En Hy het gekom, want Símeon sê in Luk 2:34….: *Kyk, hierdie Kind is bestemd tot 'n val en 'n opstanding van baie in ~~Israel~~ Yashar'EL en tot <u>'n teken</u> wat weerspreek sal word.* Johannes noem ook in 1:1-13 *Hy het na Sy eiendom gekom, en Sy eie mense het Hom nie aangeneem nie. 12 Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van VADER te word, aan hulle wat in Sy Naam glo; 13 wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, <u>maar uit VADER gebore is</u>.*

Onthou ons is nog steeds voor die vernuwing van die Verbond, maar wel in die tydvak van die guns (Met Wet en Gebod voorwaardes). Soos ek bo genoem het is daar nou twee weë weens die verbreking van die Verbond. Die een is die Skrifgeleerde en Fariseër met hul 'wette onderhouding en besnyding as teken' en die wat onder die guns van YAHUSHA staan. Die wat wag soos Abraham van ouds op VADER en SY Seun YAH.

Nou is die vraag: Wat is die betekenis van "vervul"? Om te vervul is om iets uit te voer, om klaar te maak of te verwesenlik.

As YAHUSHA nie ons kom loskoop het nie sou ons almal gesterf het weens verbond-oortredinge. Daarom moes HY gebore word in die (Adam) Abraham bloedlyn waarvan die Levitiese-orde nog bestaan het. YAHUSHA was besny op die agtste dag en het 100% beweeg in Moses se wette *(YAH se eie)*. Alhoewel die dissipels en dié Gesalfde besny was het Hy nie opdrag aan hulle of andere gegee om besny te word nie, maar wel gedoop moet word. Die Levitiese-orde het na die foltering verval, en daarom mag ons nie meer 'n lam slag nie, want ons Lam is klaar eenmaal vir ons "geslag". Oor die Verbond wat VADER aangegaan het, stuur HY vir YAH SY Seun om die volbring / vervulling van daardie Verbond (*YAH se taak was baie groter as wat ons as mens aan kan dink*).

Kom ons gaan oor tot die Pasga waar YAHUSHA die teken en vervulling van die verbond kom vervul het. Die Pasga het sy vervulling gekry toe YAHUSHA gesê het in Joh. 19:30…"*dit is volbring"*. Die Pasga is vandaar af net met wyn *("dit is My bloed")* en brood *(dit is My liggaam)* gevier wat saam met die sewedaags ongesuurde brode gaan m.a.w. die slag van 'n lam het gestop met YAHUSHA waarvan HY alle feeste se offers opgeneem het in HOM.
*Joh. 3:5 YAHUSHA antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van VADER nie ingaan nie (*Ek hoor nie dat Hy praat oor besnyding nie).In *Joh. 3: 6 Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees.*

Die Nuwe Verbond:

Omrede die verbreking van die Ou verbond *(hetsy Abraham of die Huwelik)* lees ons al vroeg in die Skrifte van 'n herstelling. Voor ons afskop met die verbond net vir die interessante nl.: Die Skrif is in twee dele verdeel nl: Ou Testament en die Nuwe Testament. Nêrens in die oorspronklike Skrif is daar die woord "testament" nie, maar wel "Verbonde". Testament is die teenoorgestelde van verbond en dit is een van Ha satan se taktiese skuiwe tot verwarring. Daarbenewens wil ek eers met die Ou Testament (Verbond) begin met die uitwysing van die Nuwe verbond wat vir ons voorlê.

Jer. 4:4 Besny julle vir YAH en verwyder die onbesnedenheid van julle hart. Jer. 9:25 Kyk, daar kom dae, spreek YAH, dat Ek besoeking sal doen oor almal wat besny is, wat nogtans onbesnede is. Jer. 9:26..want al die heidene is onbesnede, maar die hele huis van ~~Israel~~ Yashar'EL is onbesnede van hart

Jer. 31:31 Kyk, daar kom dae, spreek YAH, dat Ek met die huis van ~~Israel~~ Yashar'EL en die huis van Juda 'n Nuwe Verbond sal sluit; Jer. 31:32 nie soos die verbond wat Ek met hulle vaders gesluit het op dié dag toe Ek hulle hand gegryp het om hulle uit Egipte land uit te lei nie — My verbond wat húlle verbreek het, alhoewel Ék gebieder oor hulle was, spreek YAH. Jer. 31:33 Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van ~~Israel~~ Yashar'EL sal sluit, spreek YAH: Ek gee My Wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n Opperhoof wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. Jer. 31:34 En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie en sê: Ken YAH; want hulle sal My almal ken, klein en groot onder hulle, spreek YAH; want Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle wet-oortredings nie meer dink nie.
Jes. 52:1 Ontwaak, ontwaak, beklee jou met sterkte, o Sion, trek jou sierlike klere aan, o Jerusalem, reine stad! Want in jou sal verder geen onbesnedene of onreine meer kom nie. Jes. 52:2 Skud jou los uit die stof, (vleeslike verordeninge, "besnyding") *staan op, sit neer, o Jerusalem! Maak los die bande aan jou hals, o gevangene, dogter van Sion*! Eseg. 16:59 staan: *Want so sê YAH: Ja, Ek doen aan jou soos jy gedoen het, wat die eedswering geminag het deur die verbond te verbreek . Eseg. 16:60 Ewenwel sal Ek dink aan My verbond met jou in die dae van jou jeug, en Ek sal met jou 'n ewige Verbond oprig. Eseg. 16:63 sodat….Ek vir jou versoening sal bewerk oor alles wat jy gedoen het. 1 Joh. 4:10 en Jes. 7:14 Daarom sal YAH self aan julle 'n teken gee: Kyk, die maagd sal swanger word en 'n Seun baar en hom Immánuel noem.*

Joh. 7:22 Daarom het Moses julle die besnydenis gegee—(nie dat dit van Moses is nie, maar van die vaders)—en op die sabbat besny julle 'n mens. . Joh. 1:17 Want die wet is deur Moses gegee; die guns en die waarheid het deur YAHUSHA dié Gesalfde gekom. Deut. 10:16; Deut. 10:17; Deut. 30: Matt. 5:17 Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. 5:18 Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie. 5:19 Elkeen dus wat een van die minste van hierdie Gebooie breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele. Matt 7:12; 12:5; 19:17…..Maar as jy in die lewe wil ingaan, onderhou die Gebooie. 22:36 – 40; 26:28 Want dit is My bloed, die bloed van die nuwe Verbond, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van oortredinge.

Dan lees ons in *Matt. 11:13 Want al die profete en die wet het tot op Johannes geprofeteer*. Die Wet en die profete het vas gestaan tot op Johannes m.a.w. tot op die vervulling in YAHUSHA.

Jak. 2:10 Want wie die hele wet onderhou, maar in een opsig struikel, het aan almal skuldig geword. Jak. 4:11 Broeders, moenie van mekaar kwaad spreek nie. Dié wat kwaad spreek van sy broeder en sy broeder oordeel, spreek kwaad van die wet en oordeel die wet; en as jy die wet oordeel, is jy nie 'n dader van die wet nie, maar 'n regter.
So geen woord mag gespreek word teen die Wet nie, want dit is daar en in plek en vervolmaak in YAHUSHA.

Jak. 4:12 Een is die Wetgewer, Hy wat mag het om te red en te verderf. Maar jy, wie is jy wat 'n ander oordeel? Jak. 1:21 Daarom, doen afstand van alle vuiligheid en oorvloed van boosheid, en ontvang met sagmoedigheid die ingeplante woord, wat in staat is om julle siele te red.

Jak. 8:6 Maar nou het Hy 'n voortrefliker bediening verkry vir sover Hy ook Middelaar is van 'n beter verbond wat op beter beloftes wettelik gegrond is.

1 Joh. 2:3 En hieraan weet ons dat ons Hom ken: as ons Sy Gebooie bewaar. 1 Joh. 5:3 Want dit is die liefde tot VADER, dat ons SY gebooie bewaar; en SY gebooie is nie swaar nie. 2 Joh. 1:6 En dit is die liefde, dat ons wandel volgens SY gebooie. Dit is die gebod soos julle van die begin af gehoor het dat julle daarin moet wandel. Beide die ou en nuwe verbonde wys ons duidelik in die Skrifte rondom die verbond-vraagstuk.

Sommige manne besny nog omrede hulle bang is dat hulle nie deel gaan wees van die uitverkorenes nie of spog dat hulle die kinders van Abraham is deur besnyding. Die Ismaeliete en die Jode spog ook dat hulle kinders is van Abraham, daarom die besnyding (*Selfs swart volkere besny en nou wonder ek waar pas hulle nou in die prentjie?).* Weg is die wat besny ja weg van die guns van VADER, weg van die beskerming en weg van SY Seun se Bloed.

YAHUSHA het gesê dat Hy "net" gestuur is na die wat aan Hom behoort. Matt.15:24, m.a.w. Isak se nageslag "Die 12 seuns van Jakob" nie al Abraham s'n nie! Gen.21:8-12. Met die uitvoer van VADER se bevele dat YAHUSHA moes klaarmaak op aarde, is 'n "**brose tydperk**" vir ons. Ander volkere is nou jaloers op ons omrede YAHUSHA net na SY [Abraham] uitverkore volk toe gekom het. Matt.10:6; 15:24; Open.12:17 YAHUSHA het ons in guns aangesien; Sekere beskermings is bekend gemaak aan ons wat gedoen moet word tot die Nuwe Verbond volstrek word *[wat "reeds" bekend is].*

Ha satan wat bewus is van die verbonde, lossing en afsondering probeer met groot tempo verhinder dat YAH se Bloedlyn op aarde onder SY beskerming kom. YAHUSHA is ook oor ons bekommerd daarom het HY vir ons beskermings gelaat, maar voor dit kan gebeur is daar vereistes nl.:

(1): Deur uitwysing en besef van Wet oortredinge "**Inkering**"

(2): Deur om te stop waarmee jy besig was en om te draai "**bekering"** na YAH sodat vergiffenis moontlik kan wees

(3): Om ge**doop** te word met innerlike wassing wat gesien kan word as die verlowing tydperk en die reiniging van die vrou voor die huwelik.

(4): Die een wat jou doop moet jou die **hande oplê** en bid dat jy toegelaat sal word om nou oop te wees sodat die **GEES van VADER** sal ontwaak uit latentheid en wagtend vir die geboorte van bo (*In die 1000 jaar van vrede*) GEES van VADER is aan ons belowe Hand.1:4,5.

(5): Liefde tot VADER deur die onderhouding van die **10 Gebooie**, en liefde tot jou naaste (*die een wat soos jy lyk, wit en kan bloos*).

(6) Om te erkenning dat <u>YAHUSHA dié gesalfde SEUN is van VADER</u>

(7) Om te leer wat VADER haat soos: Boosheid; Leuens; Twyfelaars; Trotse oë; Moordenaars; Skelms; Kwaad sprekers; Skinder; Tweedrag saaiers; Luiaards; Valse feeste; Hoereerders; Egskeidings; Broeder haters; ens. Amos.5:15

Telkemaal het YAHUSHA die stappe hierbo herhaal tot ons beskerming. YAHUSHA het nie beveel om te besny nie, maar wel die vaders. Die groot beklemtoning deur die ganse Skrif is "Gebooie" *Joh. 14:15 <u>As julle My liefhet, bewaar MY Gebooie</u>. Joh. 14:21 ; Joh. 15:10*

<u>Net vir die interessante.</u>

Wat van die man wat langs YAHUSHA tydens die foltering gehang het? Die man was 'n Wetsoortreder en is op pad na die hel, maar kry toe die vergifnis en gaan Paradys toe. Hy kon op daardie stadium nie kans kry om gedoop of besny te word nie, tog het hy die oop-deur gekry na die Paradys. *Luk 23:43 En YAHUSHA antwoord hom: Voorwaar Ek sê vir jou, vandag, sal jy saam met My in die Paradys wees, m*.a.w. Vandag vertel ek jou, nie môre of gister nie, maar 'vandag'. So ook: Vandag sterf ek en jy; die grafte sal later vandag oopgaan en dan sal jy saam met hulle opstaan as getuienis.

Dink net terug toe Moses die Wet ontvang het op die berg Sinai; YAH gee vir Moses die Wet dat hy dit moet persoonlik neerskryf, maar die Gebooie het YAH self geskryf met Sy vinger en aan hom oorhandig. Die Wet is buite die Ark (*Vleeslike*) en die gebooie (*Geestelik*) is binne in die Ark gebêre.

Nou kom die besnede manne en gebruik Moses en Abraham. Kom ons kyk wat sê Matt. 5:17 *Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul.* 9:*13 Maar gaan leer wat dit beteken: Ek wil versoening {toenadering / aangetrokkenheid} hê en nie offerande nie; want Ek het nie gekom om regverdiges te roep nie, maar wetsoortreders tot bekering.*

YAHUSHA sê "ontbind" wat beteken dat ons gebind sal bly aan die "wet en profete"
1) Watter wet word hiervan gepraat wat ons altyd gebonde aan sal wees?
2) Watter vervulling moet plaasvind in die wet en profete?
3) Watse bekering moet 'n wetsoortreder hê ?

2 Kon 17:13 ..: Bekeer julle van jul verkeerde weë en onderhou My gebooie, My insettinge, volgens die hele wet … en daardie wet sê
Mat 11:13 Want al die profete en die wet het tot op Johannes geprofeteer. 22:37…: Jy moet Meester jou Skepper liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. 22:38 Dit is die eerste en groot gebod. 22:39 En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.
2Kon.22:40 Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete.
Onthou die vraag is; wat is die grootste Gebod [belangrikste]? Dus begin YAHUSHA praat van die 10 Gebooie waarvan die twee uitstaan naamlik, Liefde tot YAH en liefde tot jou naaste. In Lukas staan dit duidelik*: Luk. 24:27 …. Hy het begin {verduidelik} van Moses en al die profete af en vir hulle uitgelê in al die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het.*
YAHUSHA vra hulle: *Luk. 24:26 Moes die Gesalfde nie hierdie dinge ly en in Sy lofwaardigheid ingaan nie?*
Luk 24:44 En Hy sê vir hulle: Dit is die woorde wat Ek met julle gespreek het toe Ek nog by julle was, dat alles wat oor My geskrywe is in die wet van Moses en die profete en die psalms, ***vervul*** *(*volgemaak deur die Volmaakte*) moet word.*

As ons Koning "dié Volmaakte" nie die besnydenis kom vervul het nie is dit onvervul, m.a.w. "onvolmaak". Baie wil doen wat in Gen. 26:5 staan nl: *omdat Abraham na My stem geluister en My ordening, My gebooie, My insettinge en My wette onderhou het.* Die gelese vers bo gee vier saaklike dinge vir ons deur nl: Ordeninge, Gebooie, Insettinge en Wette.

As jy bo lees sal jy duidelik sien dat ons nie by dit gebly het om te luister soos Abraham nie, en daarom die skeiding tussen ons en YAH. Ons kan nie meer ordening doen nie weens die verbreking van die verbond nie (*Verbastering en hoerery*). Ons kan nie die wette onderhou nie, want ons is weggestoot weens eie konings en hoerery. M.a.w. al die vleeslike ordeninge en wette is iets van die verlede. Al wat staan is die Gebooie met sy Insettinge.
Dink net daaraan dat die verbond maker "YAH" het kom sterf en dus bestaan Hy nie meer vir die ou Verbond nie. Hy het wel opgestaan om 'n nuwe-Verbond op te stel vir Hom en Sy "bruid". Dus as jy besny vir die oue is jy verlore, want daardie verbond is tot niet, want die 'nuwe' is klaar in plek. 'n Nuwe teken gaan daar wees vir 'n nuwe verbond (*moontlik besnyding*).
Open. 12:17 En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van VADER bewaar en die getuienis van YAHUSHA dié Gesalfde hou (nie besnyding nie).
Open 14:12 Hier kom die lydsaamheid van die reines te pas; hier is hulle wat die Gebooie van VADER en die geloof in YAHUSHA bewaar.
Open. 21:27 En daarin sal nie inkom iets wat verontreinig en gruwelikheid en leuens doen nie; maar net die wat geskrywe is in die boek van die lewe van die Lam. Open 22:14 Tot redding is die wat SY Gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die Lewe en ingaan deur die poorte in die stad (Die ou verbond tussen VADER, Seun en Abram was tot niet met die foltering van YAHUSHA. Dus het die teken geen waarde as die verbond nie meer bestaan nie. Die vertroosting lê in die Jer.31:31 waar 'n nuwe teken sal wees).

Visualiseer die getuienisse wat aangehaal is in die studie stuk (*in die Skrifte*).
1) VADER en Seun sluit 'n verbond oor Abraham en sy nageslag.
2) Dié se Seun herhaal en bevestig die verbond met Abraham.
3) Dié se Seun herhaal en bevestig die verbond met Isak en Jakob.
4) Dié se Seun herhaal en bevestig die verbond met Moses.
5) VADER se Seun word verwerp deur die uitverkore. Soek 'n ander koning.
6) Die konings hoereer saam met die uitverkore volk en dié Seun skei hulle.
7) Die geskeide vrou het geen regte of enige toetrede tot die Seun nie.
8) Die Seun kom terug op VADER se bevel,want Ha satan misbruik die wette.
9) Die wette het in plek gebly tot oordeel oor Ha satan en Sy uitverkore volk.
10) Die Seun vervul en volmaak die wet wat die uitverkore nie kon doen nie.
11) Die volmaakte wette lê in plek vir die nuwe Verbond (*Huwelik*).
12) Die Seun sterf; Die ou verbond is tot niet; Die nuwe verbond lê in plek....
13) Die wat onder die ou verbond staan, staan onder die oordeling van die ou verbond en die wat onder YAHUSHA staan sal onder die nuwe –verbond staan.

Ter opsomming.

Die Verbonde, Wette en Gebooie word gebreek. (Jes.24:5; Sag.11:10) YAHUSHA kom vervul sodat die oue moes plek maak vir die Nuwe, dit is ‘n herhaling van die ou verbond dat YAH ons Opperhoof en Heerser gaan wees. Weer gaan die Verbond aan ons voorgelees word, waarvan ons dan ‘n teken sal ontvang om daardie nuwe (*tog die oue*) sal ontvang (Luk.2:34). Die wat besny is onder die dekmantel van die ou verbond (*Abraham / Levitiese orde en offergawes)* het YAHUSHA oor die hoof gesien en staan 100% onder Moses se Wet en Verordening (*“sonder guns”*). Die wat verwar was en hulself laat besny het moet op hulle knieë gaan en noem aan VADER dat die besnyding wat gedoen was verkeerd was en dat hulle vergewe mag word; Dat hulle verkies om onder YAHUSHA te wees en nie onder die Wette van Moses nie. Die Skrif sê duidelik: doen die gebooie, want daarin sal jy veilig wees; en daarin lê die lewe; Staan onder YAHUSHA en bly in die Wet, want HY is die Wetgewer; Doen dit wat VADER wil hê en nie wat die dogma wil hê nie. YAHUSHA is ons versoening met VADER; Doen die 10 Gebooie. Ons is KONING loos, maar ons KONING is reeds in plek en SY NAAM is YAH. *Open. 2: 13- 25 En jy hou vas aan My Naam en het die geloof in My nie verloën nie,..... Hou maar net vas wat julle het, totdat Ek kom.*

Net in kort ‘n herhaling oor Verbonde.

Wat baie belangrik is, is om te weet hoe die Verbonde “ge” werk het.
Eerste verbond: Twee partye kom bymekaar (*VADER en Seun*) en stig ‘n ewige verbond.
Tweede Verbond: Twee partye kom bymekaar (*YAH en Abram*) en stig ‘n ewige Verbond.
Derde Verbond: Twee partye kom bymekaar (*die volk en YAH*) en stig ‘n ewige Verbond. Elk van die Verbonde het ‘n teken tot herinnering. Die eerste was die halvering van die diere waar die ‘twee partye’ deur beweeg het. Die tweede was die besnyding. Die derde was die bloed wat oor die volk gegiet was. Die eerste gaan oor ons as uitverkore, maar wat daar besluit was gaan ons nie aan nie en daarom bly dit tussen die verbond-makers. Die tweede is belangrik om te verstaan, want ons het ‘n besnyding as teken ontvang tot herinnering. Die derde is die manifestasie van die vorige twee en waarvan al drie die Verbonde ‘n bloed karakter het waarvan die skrif dit duidelik stel dat dit so moet wees . Die tweede Verbond was met Abraham waarvan hy ‘n mens was wat sou sterf. Soos ons weet as die tweede party sterf is die verbond wat aangegaan was tot niet, maar YAH het die besnyding in Abraham se plek ingestel om ‘n ewige karakter te hê.

Dus is die besnyding die ewige teken nie Abraham nie. Abraham het gesterf, maar nie die Verbond nie. Die Verbond het bly bestaan tot op YAHUSHA wat kom sterf het (*Hy was ook besny*) en dus weer ‘n nuwe-Verbond daar stel.

Nou moet daar mooi opgelet word.

Die derde verbond (*huwelik*) is tot niet verklaar weens ons voorvaderlike hoerery (Jes.50:1; Jer.3:8). Die eerste kon nie tot niet verklaar word nie, want die verbond Stigters het toe nog geleef (*VADER en Seun YAH die eerste verbond stigters*) tot die Seun kom sterf het. Die tweede verbond met Abram en YAH het ook tot niet gegaan toe YAH U SHA gesterf het. Ons as die geskeide vrou was nog steeds indirek verbind aan die verbonde waarvan Ha satan dit geweet het en dit misbruik het om ons daagliks daardeur aan te kla (*Omrede YAH toe nog nie gefolter was nie*). YAH is deur VADER gestuur as Losser om ons 'Los te koop' van daardie wetsoortredinge. Die dag toe YAHUSHA sterf het, het die twee bestaande verbonde tot niet gegaan. Hoekom ? Omrede die Tweede party wat die verbond-makers was van die eerste met VADER het gesterf, en so ook het dieselfde Party gesterf van die tweede verbond met Abraham (*besnyding*). Dus staan VADER alleen en so ook die 'besnyding'. Daarom is YAH bekommerd oor ons. Ha satan aan die anderkant kan ons nou nie meer aankla nie, want die verbonde is tot niet verklaar. Daar is slegs die Wette en Gebooie van VADER wat die ganse aarde huidig beskerm, maar terselfdertyd word Ha satan daardeur aankla. Ha satan is deur die dood van YAHUSHA uit die hemel geskop en so ook uit die doderyk. Hy is nou die brullende leeu wat verskeur en soveel as moontlik saam met hom hel toe sleep. Die wat besnyding doen het 'n groot probleem, want die verbond wat die besnyding verys het, is tot niet. Dus gaan die besnede manne onder Moses se Wette staan en nie onder YAHUSHA nie! M.a.w. hulle sal moet wag tot na die 1000 jaar van vrede dat hulle dan veroordeel kan word (*die 2 de opstanding*).

Nou tot vertroosting. Die wat YAHUSHA hulle redder en Losser aanskou, die Gebooie doen en wat onder Sy vaandel skuil, sal gered word.
Joh. 6:68 En Simon Petrus antwoord Hom: Meester, na wie toe sal ons gaan? U het die Woorde van die ewige lewe. Joh. 6:69 En ons het geglo en erken dat U die Gesalfde is, die Seun van die lewende VADER. Joh. 17:25 Regverdige VADER, al het die wêreld U nie geken nie, tog het Ek U geken, en hulle hier het erken dat U My gestuur het. Mat 16:16 En Simon Petrus antwoord en sê: U is die Gesalfde, die Seun van die lewende VADER.
1 Joh. 4:2 Hieraan ken julle die Gees van VADER: elke gees wat bely dat YAHUSHA dié Gesalfde in die vlees gekom het, is uit VADER; 1 Joh. 4:3 en elke gees wat nie bely dat YAHUSHA dié Gesalfde in die vlees gekom het nie, is nie uit VADER nie; en dit is die gees van die Antichris waarvan julle gehoor het dat hy kom, en hy is nou al in die wêreld.
Weereens pleit ek vir die dwase. Bely jou (*besnyding*) oortreding en kom onder YAHUSHA se vaandel en doen die Gebooie, leer die Wette, onderhou die Sabbat en Sabbatte.

Nou kan ons die vrae beantwoord soos: Sluit ons by die nuwe verbond aan met ons eie bloed of die Bloed van YAHUSHA? Het die teken van die ou verbond vervul geraak in YAHUSHA? Hoopvol het jy die antwoorde!

Bedink dit.

.....

Wette wat onderhou moet word.

Die 10 Gebooie.

Die spyse wette (wat ek moet eet en drink om rein te bly)

Die kleding wette (wat ek moet aantrek om rein te bly)

Die Sabbat (die sewende dag rus)

Die Sabbatte (feeste waar YAHUSHA in die plek van die offer gekom het en dus die vervulling / volbringing van die offers op die feeste)

Wette wat nie meer onderhou hoef te word nie.

Die slag en offer van diere.

Die Levitiese orde (dit het oorgegaan na die man in die huis)

Die teken wat besnyding is.

Bedink dit